

8 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 29:10-19

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 29:11

Lofdankebaarheid aan die grote God!

As ons die grootheid van God, sy heerlikheid en majesteit, sien ... kan ons dan nog anders as om Hom te loof? Kan ons dan nog anders as om Hom te dank?

As Dawid sy koningskap oorgee aan Salomo, is daar by hom maar net vreugde oor dit wat die Here is en dit wat Hy aan hom gedoen het.

In u lewe ... sien u altyd raak Wie God vir u is en wat Hy aan u gedoen het?

- Ja? Dan moet u lewe mos lofdankebaarheid word! Dit kan nie anders nie. Ons lewe mos nie vir onself nie. Ons kan nie net op onself staatmaak nie, maar ons kan met vertroue op die grote God ons lewenspad bewandel.

Kyk hoe groot is God:

- Hy het tog die glans, die roem en die majesteit. Hy is Koning oor alles ... en Hy versorg en dra my so dat Hy selfs weet hoeveel hare is daar op my kop. Hy is die Allenheerser. Daarom kan ek in teenspoed geduldig en in voorspoed dankebaar wees, want ek weet ek is in die hande van die grote Koning.
- Hy het tog die krag ... en "die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag"(Jes 40:31).

Aan Hom behoort alles. Alles wat ons is en het, is syne. Daarmee moet ons sy lof besing en uitleef ... want Hy het ook die grootste aan ons gegee: sy enige Seun, Jesus Christus, wat ons duur gekoop het om kinders van God te wees.

- In al ons blye dae ...
- maar ook in moeilike dae, as ons deur donker dieptes moet gaan ...

weet ons ons behoort aan Hom ... en hoef ons niks te vrees nie. Die grote God, met al die krag, glans, roem en majesteit is met ons!

Dankebaar-gelowig, kinderlik en toegewyd-gehoorsaam kan ons maar net altyd God loof as ons bid: "Aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid."

Sing: Ps 149:1, 2 (1936)

Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)

